# HOOFSTUK 111.

## DIE GESKIEDENIS VAN DIE SKOOL 1905 - 1914.

### 1. Inleiding.

Die skooltjie wat in 1905 'n beskeie begin met 60 leerlinge en twee leerkragte gehad het, het gedurende die eerste dekade van sy bestaan 'n verbasende groei en gedaanteverwisseling ondergaan. Dit kon onvermydelik nie bloot 'n laerskool bly nie, en heel gou is besef dat daar ook voorsiening vir sekondêre onderwys gemaak moes word. Vandaar die stigting van die Gereformeerde Gimnasium in 1909. Om in die behoefte van Christelik-nasionale onderwysers te voorsien, is na etlike jare van worsteling in 1914 met die Normaal begin.

Hierdie uitbreiding van die C.N.O.-aksie op Steynsburg het al hoër finansiële verpligtinge op die skouers van die plaaslike Gereformeerde gemeente en op die breër kerkverband gelê. Ook het dit noodwendig groter eise t.o.v. die beheer en organisasie van die onderwysaangeleenthede op Steynsburg gestel. Dit alles het die kampvegters vir C.N.O. nie afgeskrik nie, maar hulle steeds geïnspireer tot groter toewyding en kragdadiger optrede op die weg wat eenmaal ingeslaan is.

### 2. Die beheer van die skool.

#### (a) Die skoolkommissie.

Die beheer van die skool sou in die hande van 'n skoolkommissie wees, direk verantwoordelik aan die kerkraad. Die kommissie, soos saamgestel in Maart 1905,[1] sou net vir een jaar funksioneer, en nadat hul dienstyd verstreke was, is 'n ander weg t.o.v. die samestelling van die skoolkommissie ingeslaan. Die skoolkommissie sou in die toekoms deur belanghebbendes gekies word. Die prosedure van samestelling word vasgelê deur die kerkraad volgens 'n besluit

/van.....69

1) Kerkraadsnotule, Geref. Kerk Steynsburg, 4/3/05, art. 10.

van 20 Julie 1906: „Is besloten dat die schoolcommissie voor de C.N. School zal worden gekozen door de belanghebbendes, en dat de gemeente alszoodanig worden beschouwd, zullen bij de leraar worden gevoegd nog 6 leden." 1)

Dis nog nie die ouers van die skoolgaande kinders wat die skoolkommissie kies nie, maar wel die kerkraad, want die notule vermeld voorts die name van die 6 broeders wat saam met die leraar „voor 2 jaren aangesteld zijn." 2) Daar het by hierdie geleentheid net twee veranderinge op die skoolkommissie gekom aangesien vyf van die lede van die eerste kommissie herkies is. Die herkose lede was ds. P.C. Snyman, H. Venter, H.C. van Rooy, J.P. Kruger en C.C. Hennings, terwyl T.S. Kruger en J.P. Coetzee die nuwelinge op die kommissie was.

(b) Besoek aan die skool en inspeksie.

Aangesien die skool geen steun van owerheidsweë ontvang het nie, het die skool vir inspeksiedoeleindes geen besoek van die Onderwysdepartement se omgangsinspekteur ontvang nie. Tog spreek dit vanself dat een of ander vorm van inspeksie noodsaaklik was. Ook hierdie aspek van die skoolbeheer sou onder die skoolkommissie ressorteer. Nadat die skool ses maande aan die gang was, neem die kommissie dan ook 'n besluit in dier voege: „Besloten eens per jaar pas voor de April vacantie eene school inspectie te hebben door de onderwijzers gesteund door de plaaslike leeraar en onder toezicht van eene commissie daartoe benoemd, ook tot het uitreiken van schoolrapporten aan de ouders omtrent de vorderingen en gedrag hunner kinderen op school" 3)

Die skoolinspeksie moes dus met ander woorde deur die predikant van die Gereformeerde Kerk gedoen word. Hierdie opdrag is dan ook uitgevoer, want op die kommissie-

/vergadering..70

1) Kerkraadsnotule, Gereformeerde Kerk Steynsburg, 20/7/06, art. 27.
2) Ibid, art. 28.
3) Notule van die skoolkommissie, C.N.O.-skool op Steynsburg, 22/1/06.

vergadering van 12 April 1906 deel die voorsitter (ds. P.C. Snyman) mee „dat de school inspectie behoorlik plaats had en schoolrapporten aan de ouders en belanghebbenden bezorgd zijn." 1) Hierdie gebruik het blykbaar voortgeduur, hoewel niks daarvan verder in die notule vermeld word nie. Eers weer op die kommissievergadering van 21 Maart 1908 bring die heer J.P. Coetzee ter sprake „het inspekteeren van onse school door een of ander bekwame persoon." Na veel diskussie „werd aan de voorzitter opgedragen te zien wat hieraan gedaan kan worden." 2)

Daar is ook die behoefte gevoel dat die kommissie die skool gereeld sou besoek. In 'n skrywe van die skoolhoof, K. Bonsma, wat die kommissie op sy vergadering van 8 April 1909 ter tafel het, versoek hy o.a. „dat de commissie van tyd tot tyd de school besoeke." Hierop besluit die kommissie „de school tweemaal per kwartaal te bezoeken, twee leden om de beurt." 3) Twee lede van die kommissie sou dan kwartaalliks benoem word om hierdie plig te vervul.

Tydens hierdie periodieke besoeke moes die lede kyk na die gebou, uitrusting, boeke van die kinders, ens., soos blyk uit die verslae wat gereeld aan die kommissie gegee is. In die begin was die lede nie baie getrou om hulle beurte waar te neem nie, want in Januarie 1909 word gerapporteer: „slechts de Heer J.J. Coetzee heeft de school bezocht gedurende het afgelopen kwartaal, en heeft alles in orde bevonden." 4) Gedurende 1909 en daarna was die lede getrouer om hul besoekbeurte waar te neem en is gereeld op die vergaderings verslag gegee. Hierdie besoeke van kommissielede aan die skool het vanselfsprekend aan onderwysers 'n gulde geleentheid gebied om hul griewe te lug en hul moeilikhede onder die aandag van die beherende liggaam te

/bring......71

1) Notule van die skoolkommissie, C.N.O.-skool op Steynsburg, 12/4/06.
2) Ibid, 21/3/08.
3) Ibid, 8/4/09.
4) Ibid, 24/1/09.

bring. Op die vergadering in Maart 1910 word onder die hoof „School Bezoek" aangeteken: „De leden gaven een gunstig rapport van hun bezoek en deelden mee dat onderwyzer Kruger klaagt dat zijn werk te veel is." 1)

3. Die leerplanne.

(a) Beginsels wat t.o.v. leerplanne in die C?N.O.-skole gegeld het. 2)

Ons moet aanneem dat H.J.J. van der Walt, wat in Junie 1909 hoof van die C.N.O.- skool en die Gimnasium op Steynsburg geword het, deeglik op hoogte van sake was met betrekking tot die beginsels wat t.o.v. die leerplanne van die C.N.O.- skole gegeld het. Hy gaan uit van die gedagte dat wat die kind in die skool geleer word, bepaal word deur wat die funksie van die skool is en deur wat erken word as die doel van die opvoeding. Vir hom is die onderwys nie bloot 'n voorbereiding vir die lewe nie omdat die mens 'n hoër bestemming as hierdie lewe het: „Hy is een schepsel Gods en het doel van de opvoeding behoort in de eerste plaats te zijn hem tot zijn Schepper te leiden, hem veeleer voor te bereiden voor het later nimmer eindigende leven...." As dit die doel van die onderwys is, het die skool 'n hoë roeping: „De school moet dus niet enkel kennis verspreiden en het geestelik leven onaangeroerd laten;" nie soos die staatskool waar „kennis wordt ingepropt, maar van God en Zijn geboden hoort het kind niets."

Van der Walt behandel dan agtereenvolgens die Christelike en nasionale aspekte van die onderwys soos beliggaam in die leerplan. En dan stel hy Godsdiens nommer een. Daar is nog geen godsdiensonderrig in die skool as die „Onze Vader" geprewel word en as 'n „Sankeylied" gesing word en 'n paar verse uit die Bybel gelees word nie.

/Duidelik...72

1) Notule van die skoolkommissie van die C.N.O.-skool op Steynsburg, 24/3/10.
2) In hierdie onderafdeling maak ek gebruik van 'n referaat gelewer deur H.J.J. van der Walt voor die „Konferentie voor C.N.O." gehou te Steynsburg op 12 en 13 Julie 1914, en soos opgeneem in die notule van genoemde konferensie.

Duidelik stel hy die plek van godsdiensonderrig in die C.N.O.-skool: „In onze scholen moeten wij de Bybel als leervak hebben. In de lagere klassen worden de geschiedenis van de voornaamste personen verteld en Bybelverzen behoren uit het hoofd geleren te worden. Later worde de Bybel selve gelezen, gedeelten van de geschiedenis behandeld en Bybelverzen geleerd." Maar dit bly nie net by Bybelgeskiedenis nie. Vir dogmatiese onderrig moet die kategismus minstens eenmaal per week gebruik word, en in die hoër klasse Kerkgeskiedenis.

Maar, 'n skool is nie Christelik net bloot as gevolg van bogenoemde onderrig nie. Dit mag hom 'n Christelike naam gee, maar dit moet ook 'n Christelike karakter hê. „De Christelike geest moet doorstralen in alle lessen en gekenmerkt worden in alle omgang tussen onderwyzers en kinderen." Daarom is dit ook vereiste dat die onderwyser eg Christelik sal wees.

Langs die Christelike het die skool ook 'n taak t.o.v. die nasionale opvoeding van die jeug. Van der Walt spreek bekommernis uit dat onder ons volk „de knie word gebogen voor al wat vreemd en uitheems is." Hy pleit vir moedertaalonderrig want „de taal van het kind werd in het verleden miskend en een vreemde hem opgedrongen." Wat geskiedenis betref, moet die kind die Vaderlandse Geskiedenis leer, „en de geschiedenis van andere landen, in zoverre zij in verband staat met die van ons." Ook wat die onderrig van aardrykskunde betref kom die van die eie land eerste.

Ons kan met reg aanneem dat Van der Walt nie een ding op die C.N.O.-konferensie sou bepleit en 'n ander in sy C.N.O.-skool in die praktyk sou bring nie. Nadat die Christelike en nasionale deel van die onderwys tot sy reg gekom het, kom die ander vakke vir die intellektuele en liggaamlike ontwikkeling van die kind.

(b) <u>Die primêre leerplanne</u>.

Waar die C.N.O.-beweging sy oorsprong gehad het in

die ontevredenheid met onder meer die inhoud van die onderwys in die staatskool, kan ons verwag dat hierdie aspek van die saak in die C.N.O.-skool op gesonde grondslag gestel sou word. Die stigters van die skool op Steynsburg het die inhoud van die skoolonderwys bepaal toe die kommissie insake die oprigting van die „Christelik Nationale School" in sy rapport aan die kerkraad van Steynsburg, heel aan die begin verklaar: „Deze School moet in Christelijk Nationale richting werken. Handleiding by het onderwys zal nagenoeg zijn het leerplan van C.N.O. Scholen in de Transvaal." 1)

Die „leerplan voor C.N.O. Scholen in de Transvaal" waarna hier verwys word, is die leerplan wat deur die „Algemene Kommissie" vir C.N.O.in Transvaal opgestel en in 1903 gepubliseer is. Die verpligte leervakke in hierdie leerplan sou wees: „Bybelse Geskiedenis, Aanskouingsonderwys, Hollands lees, Nederlandse taal, skryf, reken, sang, resitasie, geskiedenis en aardrykskunde van Suid-Afrika." 2) Die kommissie beveel ook aan „'n grondige aanlering van die Engelse taal" omdat dit onder die toenmalige omstandighede noodsaaklik was vir die jeug.3)

In hierdie leerplan is die Christelik-nasionale beginsel suiwer beliggaam en in breë trekke is dit dan ook die leerplan wat in die Vrye Skool te Steynsburg toegepas is. As die kommissie ten aanvang van sy rapport sê dat „deze school moet in Christelijk Nationale richting werken," dan gebeur dit ook so. Vir die Christelike deel van die kind se opvoeding is deeglik gesorg. Dis nie toevallig dat „Bybelse Geskiedenis" eerste genoem word nie. Dit het ook in die skool die eerste en vernaamste plek ingeneem. Dogmatiese Godsdiensonderrig is daagliks aan die kinders gegee. Uit die Woord van God moes hulle leer dat die vrese van die

Here.....74

1) Kyk bylaag A vir die rapport van die kommissie.
2) J. Chris. Coetzee, Onderwys in Transvaal, 1838 - 1937, p. 96.
3) Ibid.

Here die beginsel van die wysheid is, en die Bybelse onderrig in die skool moes terselfdertyd dien as voorbereiding vir die aflegging van die belydenis van die geloof. Hierdie gedagte kry ons oral. Op die C.N.O.-konferensie te Steynsburg in 1911, beklemtoon ds. D. Postma dit weer: „Kinderen moeten gereed gemaak worden voor de aanneming, daar de predikantenniet genoeg tyd er aan geven kunnen. De vrye school moet het voorportaal worden van de kerk en daarvoor moet de kinderen in de geloofsleer opgeleid worden." 1)

Ook vir die gesonde nasionale ontwikkeling van die kind is in die leerplan gesorg. 'n Belangrike plek word ingeruim vir die Nederlandse taal, sang en die geskiedenis en aardrykskunde van Suid-Afrika. Oor laasgenoemde mag daar geen twyfel bestaan nie. Kennis van die eie moes liefde vir die nasionale wek en voed. En om die nasionale nog verder te bevorder, gaan die leerplan verder en bepaal „dat die voertaal vir die onderwys sal wees net Hollands vir Bybelse Geskiedenis, geskiedenis en sang." 2) Hierdie vakke, wat die Christelik-Nasionale bewussyn van die kind moes laat ontplooi, kon alleen dan sy doel bereik en tot sy reg kom as die onderwys daarvan geskied in die taal wat die kind die beste verstaan. Ook in die C.N.O.-skool op Steynsburg sou na Bybelse geskiedenis, die Nederlandse taal en die geskiedenis en aardrykskunde van Suid-Afrika die belangrikste plek op die leerplan inneem.

(c) Sekondêre onderwys.

In verband met die na-primêre onderwys beveel die kommissie by die kerkraad aan: „Het onderwys zal gaan vooreerst tot het Goevernements Hogerschool examen met het oog op voorbereiding voor de Theol. School." 3) Ons moet dus aanneem dat die onderwys in die C.N.O.-skool en later in die

/Gereformeerde...75

---

1) D. Postma op die C.N.O.-konferensie te Steynsburg, 12 - 13 Julie 1911, soos gerapporteer in die notule, p. 8.
2) J. Chris. Coetzee, Onderwys in Transvaal, 1838 - 1939, p. 96.
3) Kyk bylaag A vir die rapport van die kommissie.

Gereformeerde Gimnasium nie 'n eie rigting ingeslaan het nie, dog dat die leerplanne van die Kaapse Onderwysdepartement gevolg is, aangesien die kandidate hierdie departement se eksterne eksamen afgelê het. Naas die gewone onderwys is daar ook vir die sekondêre leerlinge ruim tyd vir godsdiensonderrig afgestaan, omdat die skool die voorbereidingswerk vir die aflê van die belydenis van die geloof moes doen.

4. Die finansies van die skool.

(a) Inleiding.

Die oprigting van die skool was in die eerste plek 'n onderneming van die kerkraad van die Gereformeerde Kerk van Steynsburg. Die skoolgebou is deur die kerkraad voorsien, waarvoor o.a. 'n lening van £400 aangegaan is. Die lopende uitgawes van die skool was onder beheer van die skoolkommissie en die moes gereeld finansiële verslae aan die kerkraad voorlê. Soos reeds voorheen vermeld, het die kommissie uit sy eie geledere 'n tesourier in die persoon van die heer J.P. Kruger gekies.[1] Die finansiële sy van die onderneming het groot stryd, opoffering en bekommernis meegebring. Daar moes gedurig gemeet en gepas, beraadslaag en beplan word om die inkomste en uitgawes met mekaar te laat klop.

(b) Die skoolgebou.

Ten spyte van die swaar las t.o.v. die lopende uitgawes van die skool, kry ons die indruk dat alles in die werk gestel is om die lening van £400 wat vir die bou van die skool aangegaan is, so spoedig moontlik af te betaal. Daar word dan ook telkens melding gemaak van bedrae wat afbetaal kon word. Op die kerkraadsvergadering van Junie 1905, d.w.s. voordat die skool geopen is, kon die voorsitter reeds meedeel „dat van de schuld op het schoolgebouw iets over £100 kon worden afbetaald." 2)

/Teen.......76

1) Notule van die skoolkommissie, C.N.O.-skool op Steynsburg, 18/3/05.
2) Kerkraadsnotule, Geref. Kerk Steynsburg, 3/6/05, art.4.

Teen Maart 1906 was die skuld afgebring tot £220, want toe is besluit „dat door collectanten worde gecollecteerd voor de schuld van £220 op het schoolgebouw." 1) Twee maande later is „de schuld op het schoolgebouw afgebracht tot op zoowat £30," wat bewys dat dit die gemeente erns was dat hierdie skuld uitgewis moes word. Om hierdie laaste bedraggie te vereffen, het die kerkraad besluit om die £25 wat aan die begin uit die boufonds aan die skoolkommissie geleen is, terug te vra „en drage den voorzitter op de bouwschuld met de renten enz. te delgen en de balans aan de schoolcommissie te overhandigen." 2) Daar was blykbaar nog kollektegelde waarmee die laaste £30 op die gebou betaal kon word, want die enigste bedrag, volgens die kasboek, wat die skoolkommissie in hierdie tyd aan die kerkraad uitbetaal het, was £15 op 30 Julie 1906.3) Hiermee is die skuld op die skoolgebou afbetaal, en dit moet as 'n prestasie beskou word dat dit, ten spyte van die menigvuldige verpligtinge van die gemeente, gedoen kon word presies 'n jaar nadat die skool 'n aanvang geneem het.

Namate die getalle van die skool toegeneem het, het die ruimte meer beperk geword, sodat die skoolkommissie in 1909 „besloten de Kerkeraad onder de aandacht te brengen het groot ongerief van de school veroorzaakt door dat er niet genoegzaam ruimte is voor alle kinderen." 4) Die kerkraad ontvang hierdie versoek, maar kon op daardie oomblik nie aandag daaraan gee nie, „dewyl de Kerkeraad nog niet gereed is aan te bouwen." 5)

Dr. Snyman wend hom tot die breër kerkverband, en in 'n artikel in „Het Kerkblad" doen hy 'n oproep om bydraes vir die aanbou aan die skool. Vol vuur pleit hy by die lesers: „Ons land staat vol prachtige inrichtingen die

/Kalvyn's...77

1) Kerkraadsnotule, Geref. Kerk Steynsburg, 3/3/06, art. 4.
2) Ibid, 20/7/06, art. 10.
3) Inskrywing in die kasboek van die skoolkommissie, 30/7/06.
4) Notule van die skoolkommissie, C.N.O.-skool op Steynsburg, 24/6/09, art. 6.
5) Kerkraadsnotule, Geref. Kerk Steynsburg, 9/7/09, art. 10.

Kalvyn's beginselen niet dienen. Hier staat 'n inrichting die geen pracht, maar alleen meer ruimte vraagt." 1)

Einde 1909 en begin 1910 is aan die oorspronklike gebou 'n stuk aangebou, en wat 'n worsteling was dit nie om die £200 wat dit gekos het bymekaar te kry nie! Ds. Snyman het van tyd tot tyd sy oproep in „Het Kerkblad" herhaal, en 'n jaar na die eerste oproep het hulle die klein bedrag van £81 10s. 9d. op hande gehad, en „we moeten £200 hebben." 2) Twee maande later is die fonds met 10s. versterk en dan smeek ds. Snyman weer: „Broeders en Zusters, die 't Kristelik onderwys lief hebben, wij vragen u toch a.u.b. om by te dragen." 3)

Die susters van die gemeente word gevra om 'n verkoping te hou om die skuld te help delg,4) en hulle poging het £27 2s. 3d. opgelewer.5) Maar die insameling het stadiger gegroei as die getalle van die skool. Terwyl ds. Snyman nog worstel om die skuld afbetaal te kry, moet al aan verdere uitbreiding gedink word. As hy op 1 Maart 1911 aankondig dat die fonds op £98 8s. 9d. staan, vervolg hy: „Het bleek nodig reeds de zesde klaskamer aan te bouwen tegen £200. Er kan niet meer mee gewacht worden tot de vorige aanbou betaald is. Willen de broeders en zusters niet maar spoedig helpen 't vorige werk af te betalen?" 6)

En van nou af gaan dit vinniger sodat, volgens „Het Kerkblad" van 1 Oktober 1911, £200 4s. 11d. ontvang is, en die skuld vereffen is.7) Hierdie stukkie geskiedenis in verband met die aanbou aan die oorspronklike gebou

/word.....78

1) P.C. Snyman in Het Kerkblad van 1/8/09.
2) Ibid, 1/7/10.
3) Ibid, 1/9/10.
4) Notule van die skoolkommissie, C.N.O.-skool op Steynsburg, 22/9/10, art. 13.
5) Ibid, 23/1/12, art. 9.
6) P.C. Snyman in Het Kerkblad van 1/3/11.
7) Ibid, 1/10/11.

word enigsins volledig behandel om aan te toon hoe 'n worsteling ds. P.C. Snyman, terwille van die saak wat hy sy lewensroeping gemaak het, moes deurmaak. Geld was skaars en blymoedige gewers min as ons bedink dat dit hom meer as twee jaar geneem het om 'n skrale £200 van die hele Gereformeerde kerkverband in te samel.

Hiermee was die stryd nie verby nie. Toe daar, in terme van die finansiële omstandighede van destyds, nog 'n swaar skuldelas op die skool gerus het, moes daar alweer aan vergroting van die gebou gedink word.[1] As die kerkraad weer 'n skrywe in dier voege van die skoolkommissie ontvang, word die aangeleentheid voor die gemeente gelê.[2] Van die gemeente kry die kerkraad opdrag om vir die tweede keer aan te bou. Daarvoor sou van die kerkraad van Venterstad £200 teen 5% rente geleen word.[3] Met die werk is dadelik 'n aanvang geneem, en die aanbou van nog 'n klaskamer, wat £223 15s. 1d. gekos het, is vroeg in 1911 voltooi.[4]

(c) Algemene inkomste en uitgawes.

Soos reeds behandel, was die skoolkommissie se vernaamste bron van inkomste die verkoop van aandele, die waarborggelde en die skoolgelde wat ouers moes betaal. Hierdie bedrae is baie noukeurig deur die tesourier in die kasboek aangeteken. So kon in Desember 1905, aan die einde van die eerste halfjaar van die bestaan van die skool, gerapporteer word dat die totale inkomste £244 12s. was. Die belangrikste uitgawes was natuurlik die salarisse van die personeel wat saam met die administratiewe uitgawes oor dieselfde tydperk £230 7s. 1d. beloop het. Aan die einde van die eerste halfjaar kon die skoolkommissie dus spog met 'n batige saldo van £14 4s. 11d.[5]

/Deur.....79

1) Notule van die skoolkommissie, C.N.O.-skool op Steynsburg, 15/12/10, art. 12.
2) Kerkraadsnotule, Geref. Kerk Steynsburg, 7/1/11, art. 13.
3) Ibid, art. 22.
4) Ibid, 7/4/11, art.7. Met die aanbou van die twee vlerke aan weerskante van die oorspronklike gebou, het dit onveranderd gebly totdat die twee vlerke in 1957 gesloop is.
5) Uit die kasboek van die skoolkommissie.

Deur gereelde verslae het die tesourier die skoolkommissie voortdurend op hoogte gehou met die finansiële posisie van die skool. Ook die kerkraad het sulke verslae ontvang, sodat die kerkraad, die eintlike belanghebbende liggaam, 'n wakende oog ook oor die stoflike sy van die onderneming kon hou.

(d) Donasies.

Dis opmerklik dat die skool van tyd tot tyd donasies van buite die grense van die gemeente ontvang het. So ontvang die skoolkommissie op 27 Maart 1907 deur bemiddelling van prof. Cachet van ds. A. Kiezer uit Michigan, Amerika, 'n skenking van £7 10s.[1] en weer van dieselfde persoon op 10 Mei 1907 £10.[2]

(e) Vaste Rentefonds.

Ons word getref deur die wyse beleid van die kerkraad om sekere donasies wat vir die C.N.O.-aksie te Steynsburg ontvang is, in 'n vaste rentefonds vir C.N.O. te belê. Op 27 Februarie 1907 word vir die eerste keer 'n bedrag van £1 5s. in die kasboek aangeteken wat per ds. Snyman ontvang is.[3] Uit die boedel van die heer J.C. Henning is 'n bedrag van £25 vir C.N.O. ontvang. Hierdie bedrag, saam met £25 wat deur die wed. J.C. van Rooy geskenk is, is ook in die vaste fonds belê waarvan net die rente vir C.N.O. aangewend sou word, soos vasgelê in 'n besluit van die kerkraad: „Is besloten £25 uit den boedel van oudl. J.C. Henning voor vaste rentefonds van C.N.Onderwys alhier tegen 5% renten uit te leenen, alsmede de £25 door wijlen wed. Van Rooy gegeven."[4]

(f) Voorskotte.

Dit het dikwels gebeur dat die skoolkommissie se fondse uitgeput geraak het en dat daar voorsiening gemaak moes word totdat die gereelde inkomste ontvang is. Onder

/sulke......80

1) Notule van die skoolkommissie, C.N.O.-skool op Steynsburg, 27/1/07.
2) Ibid, 20/6/07 en kasboek van die skoolkommissis, 10/5/07.
3) Uit die kasboek van die skoolkommissie, 27/2/07.
4) Kerkraadsnotule, Geref. Kerk Steynsburg, 31/8/06, art.8.

sulke omstandighede was daar altyd vriende wat soveel geloof en vertroue in die onderneming gehad het dat hulle bereid was om geld voor te skiet. So moes 'n dergelike voorskotlening gemaak word op 14 Desember 1906 toe £40 van die here J.C. van Rooy & Co. ontvang is.[1] Op 3 Maart 1907 is H.J. du Plessis en J.P. Kruger bereid om onderskeidelik £14 en £6 voor te skiet,[2] en in Junie 1907 tree J.P. Coetzee in die bres met £13.[3]

(g) Die C.N.O.- brandyster.

Die praktyk om vee op plase te hou en die aanteel ten behoewe van die C.N.O.-skool te verkoop, het sy oorsprong by die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk gehad. In 1911 ontvang die kerkraad van Steynsburg 'n skrywe van die Senaat van die Teologiese Skool waarin die gemeente genader word om die „koeistelsel" in te voer vir „opbrengsten voor onderwys doeleinden," [4] en dan word daarmee bedoel onderwys aan die Teologiese Skool.

Aanvanklik was daar entoesiasme vir so 'n onderneming en in sommige wyke is koeie voorwaardelik belowe,[5] maar dit het gou geblyk dat die gemeente nie aan die Teologiese Skool se „koeistelsel" wou vat nie. Die Senaat van die Teologiese Skool is dan ook in kennis gestel dat die gemeente niks daaraan kan doen nie, omdat al sy kragte nodig is vir onderwysverpligtinge wat hy self aangegaan het.[6]

Die voorsitter deel die kerkraad egter mee dat die skoolkommissie besluit het om te probeer om sy fondse op die wyse aan te vul, en in die notule van 'n vergadering van die skoolkommissie wat op dieselfde dag gehou is, staan aangeteken dat die skoolkommissie besluit het „de kerkeraad te

/verzoeken...81

1) Notule van die skoolkommissie, C.N.O.-skool op Steynsburg, 14/12/06.
2) Ibid, 31/3/07.
3) Uit die kasboek van die skoolkommissie.
4) Kerkraadsnotule, Geref. Kerk Steynsburg, 26/8/11, art.16.
5) Ibid, 5/4/12, art. 18.
6) Ibid, 18/5/12, art. 2.

verzoeken de koeistelsel door te voeren in belang van de Gymnasium." 1) Dit is dan ook gedoen, en die C.N.O.-brandyster wat in die herstelde C.N.O.-skool op Steynsburg vertoon word, is 'n sprekende getuienis van die offers wat vir die saak gebring is.2) Met hierdie yster het die boere beeste vir die C.N.O.-skool gebrand. Die aanteel van hierdie beeste is verkoop, en die opbrengs is in die vaste fonds gestort. Dit spreek van die feit dat, waar ons vaders nie die kontant gehad het nie, hulle bereid was om op 'n ander wyse hul offers te bring. Hulle was besiel met 'n ideaal en hulle het geleef uit gehoorsaamheid aan hulle doopbelofte.

(h) Die losieshuis.

Soos reeds vermeld het die weduwee van wyle Meester J.C. van Rooy £1,000 aan die Gereformeerde Kerk van Steynsburg geskenk vir die oprigting van 'n losieshuis met die oog op die verplasing van die Teologiese Skool van Burgersdorp na Steynsburg. Nadat die plan om Steynsburg die toekomstige tuiste van die Teologiese Skool te maak, misluk het, het die aanbieding nie verval nie, dog kon dit gebruik word vir 'n losieshuis vir „enige Christelike School wat ewentueel op hierdie dorp opgerig mag word." 3) Met die stigting van die Vrye Christelike Skool in 1905 het die kerkraad van Steynsburg dus £1,000 tot sy beskikking gehad vir die oprigting van 'n losieshuis.

Die skool was skaars aan die gang of daar word gedink aan die daarstelling van losiesgeriewe. Dit kom ter sprake op 'n gemeentevergadering, dog daar word besluit om eers te wag met die bou van 'n losieshuis „totdat de behoefte eraan het noodzakelijk maakt." 4) Hierdie besluit kon die saak vir ds. Snyman nie op die lange baan skuif nie.

/Omdat....82

1) Notule van die skoolkommissie, C.N.O.-skool op Steynsburg, 18/5/12, art. 3.
2) Hierdie brandyster is nog al die jare met sorg bewaar op die plaas Bo-Rietpoort van die welbekende Van der Walt-familie.
3) J.C. van Rooy, Die Gereformeerde Kerk van Steynsburg en C.N.O., in die Gedenkboek van die Geref. Gemeente Steynsburg, K.P., p. 122.
4) Kerkraadsnotule, Geref. Kerk Steynsburg, 7/9/05, art. 19.

Omdat hy die noodsaaklikheid van losiesgeriewe vir leerlinge besef het, en omdat hy dit miskien ook nie uit die oog verloor het nie dat die hoof aangestel is met die belofte van 'n salaris plus 'n vry woning,[1] het hy gedurig sy oë oop gehou vir 'n geskikte plek wat in die mark mag kom. Die huis wat voorlopig vir die hoof gehuur moes word teen £3 per maand, het 'n koste meegebring wat liefs in 'n eie gebou bel. kon word.[2] So deel die voorsitter die kerkraad enkele maande later mee „dat de kerkeraad in de gelegenheid is een geschikte plek te koopen voor het logieshuis tegen £450, nl. de oude bankgebouwen met woonhuis, behoorende aan dr. H.J. Jones." [3]

Op aanbeveling van die kerkraad gee die gemeente opdrag dat bogenoemde eiendom aangekoop en in orde gebring sou word vir 'n losieshuis. Die gemeente wil egter verhoed dat die verpligting deur die Van Rooy-skenking hiermee afgehandel sou wees, daarom word baie duidelik aan die voorstel gevoeg: „....terwyl de gemeente zich nog altyd onder de zedelijke verplichting gevoelt van door verbetering of vergrooting, door haar aan het logieshuis aan te brengen, zich te kwyten van haar onderneming om den grond voor dat gebouw te verschaffen." [4]

Van die £40 wat die kerkraad beskikbaar gestel het vir die aanbring van verbeteringe aan die gebou,[5] was daar nog 'n saldo van £15. Die boukommissie deel mee dat die gebou in orde is en met die volgende voorstel word die losieshuis ter beskikking van die skoolkommissie gestel: „Het logieshuis wordt in dank overgenomen, en aan de schoolcommissie opgedragen om 't te gebruiken voor de meeste

/profijt....83

1) Volgens die advertensie in Het Kerkblad van 1/3/05.
2) Notule van die skoolkommissie, C.N.O.-skool op Steynsburg, 3/6/05.
3) Kerkraadsnotule, Geref. Kerk Steynsburg, 25/11/05, art. 17.
4) Ibid, art. 22.
5) Ibid, 26/5/06, art. 16.

profijt van de school." 1)

Aan die begin het die skoolhoof 'n gedeelte van die huis as woning ontvang, terwyl die res per kamer verhuur is, by voorkeur aan skoolkinders. Die skoolkommissie het ook besluit om geen verdere voorsiening vir losies te maak nie as net die beskikbaarstelling van die kamers.[2] Die kamers is verhuur teen pryse wat gewissel het vanaf 5s. tot 10s. per kamer per maand, of dit kon ook verhuur word teen 2s. 6d. „per bedstede." 3) Hierdie reëling het geduur totdat in Augustus 1908 besluit is dat die heer J.P. Kruger in die losieshuis sou kom woon om leerlinge te loseer, terwyl die hoof in sy (J.P. Kruger) huis sou gaan woon.[4] Laasgenoemde het tot aan die einde van 1911 huisvader gebly, toe die skoolkommissie besluit het om voorlopig „de onderwyzer in de logieshuis te doen wonen." 5)

Intussen is 'n poging aangewend om iemand van buite te kry om die losieshuis vir sy eie wins te dryf, asook om aparte losiesgeriewe vir seuns en meisies daar te stel,[6] dog die posisie het onveranderd gebly tot met die reorganisasie van die skool in 1913, en na die stigting van die Normaal het ook hierdie aspek van die skool se organisasie vaste vorm gekry.

## 5. Die Armskool van Potgieter.

Dis noodsaaklik dat aandag geskenk sal word aan 'n aparte skooltjie vir arm kinders wat in noue verband met die Vrye Christelike Skool op Steynsburg gestaan het. 'n Blinde persoon, W.F. Potgieter, het hierdie skooltjie op sy eie gehou. Die skoolgebou, soos opgerig in 1905, het uit drie klaskamers bestaan. Met die opening van die skool maak

/ons.....84

1) Kerkraadsnotule, Geref. Kerk Steynsburg, 31/8/06, art. 9.
2) Notule van die C.N.O.-skoolkomissie, 24/7/06.
3) Ibid, 31/8/06.
4) Ibid, 29/8/08, art. 1.
5) Ibid, 2/9/11, art. 11. Met onderwyser word hier natuurlik bedoel die hoof.
6) Ibid, 15/6/12.

ons reeds kennis met die armskool, want aangesien die Vrye Skool aanvanklik net twee klaskamers sou gebruik, het Potgieter die een kamer vir sy gebruik gevra. Die kerkraad het besluit om die gebruik daarvan gratis aan hom toe te staan solank as die skoolkommissie die lokaal nie self sou gebruik nie. Voorts besluit die kerkraad om aan Potgieter toe te staan „een toelage van £12 per jaar, mits dat gesegde broeder een armen school en een voorbereidende school voor aanneming aanhoudt." 1) Dit kom enigsins vreemd voor dat die kerkraad op hierdie stadium toelaat dat arm kinders apart in 'n klaskamer onder dieselfde dak as die ander onderwys ontvang. Tog, as die finansiële worsteling en nood waaronder die stigting van die C.N.O.-skool geskied het in ag geneem word, is dit te verstaan waarom die kerkraad in hierdie stadium nie sy weg opgesien het om die arm kinders onder sy sorg in sy skool te neem nie, maar gewillig was om hulle met 'n donasie van £12 af te skuif.

Waar daar in die Kerkalmanak van 1906 berig word oor die onderwystoestande in Steynsburg, word daar melding gemaak van die privaat armskool met 26 kinders van wie 3 blind was. Daar word vermeld dat dié skool finansiële steun van die kerkraad ontvang en onder die toesig van die heer Bonsma staan. 2) Dit blyk dus, volgens hierdie verslag, dat die hoof van die Vrye Skool ook oog gehou het oor die armskool, en dat die twee leerkragte, in hierdie stadium F.W. Potgieter en mej. Hendrina Pelser, albei Gereformeerdes was. Wat hierdie twee skole dus geskei het, was bloot finansiële oorwegings.

Die Vrye Skool het spoedig tot so 'n mate gegroei dat die derde klaskamer ook benodig was. Die skoolkommissie het die kerkraad dan ook in kennis gestel dat die derde klaskamer vanaf 1 Maart 1906 nodig is „voor de eigenlijke

/C.N. School..85

---

1) Kerkraadsnotule, Gereformeerde Kerk Steynsburg, 14/7/05 art. 9.
2) Almanak voor de Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika voor het jaar 1906, p. 78.

C.N. School." 1) Die gebruik van die woord „eigenlijk" dui daarop dat daar tog duidelik verskil tussen die twee skole gemaak is. Die kerkraad het hierna geen ander keuse gehad nie as om Potgieter kennis te gee om die klaskamer te ontruim, aangesien die C.N.O.-skool dit self nodig gehad het. In antwoord ontvang die kerkraad 'n brief van die twee onderwysers van die armskool, Potgieter en Kruger,[2] waarin hulle die kerkraad bedank vir ondersteuning tot hiertoe en vir die gebruik van die klaskamer. Voorts vra hulle geldélike ondersteuning vir die huur van 'n ander lokaal,[3] waarop die kerkraad soos volg geantwoord het: „Daar de kerkraad gevoelt dat de school der gemeente zijn volle aandacht begint te vragen, ziet hij geen kans aan het verzoek te voldoen." 4)

Die ontevredenheid oor die aparte onderwys van die arm kinders het nou in die kerkraad 'n weerklank gevind. Aangesien die kerkraad die armskool nie kon help met die verkryging van 'n ander lokaal nie, en heel opvallend in gebreke gebly het om die ouers van die arm kinders uit te nooi om hul kinders in die „eigenlijke C.N.School" te plaas, het die posisie van die skool van die broeders Potgieter en Kruger ter sprake gekom.[5] 'n Klein bommetjie bars in die kerkraad, want die bespreking word gevoer „naar aanleiding van zekere ontevredenheid die in de gemeente zich openbaart over het geval dat aan de school der gemeente geen voorziening is gemaakt voor 't onderwys der behoeftige kinderen, doch alleen aan de school van gemelde broeders." 6)

'n Billike beswaar, sou u sê, en 'n verstaanbare toelaatbare ontevredenheid. C.N.O. en die arm kinders word apart gehou! Dit lyk of hierdie twee beskouinge nie

/met.......86

---

1) Notule van die skoolkommissie, C.N.O.-skool op Steynsburg, 22/1/06.
2) In die tussentyd het G. Kruger Hendrina Pelser se plek in die armskool geneem.
3) Kerkraadsnotule, Geref. Kerk Steynsburg, 3/3/06, art. 12.
4) Ibid.
5) Ibid, art. 20.
6) Ibid.

met mekaar kan rym nie. Oppervlakkig lyk dit asof die bestaan van 'n armskool langs die C.N.O.-skool die C.N.O.-aksie as huigelary laat vervaag. Tog kan ons die stigters, in die lig van die geweldige finansiële druk waarin die skool verkeer het, nie veroordeel nie. Die toelating van so 'n groot persentasie arm kinders kon die hele onderneming laat verongeluk het.

Die kerkraad besef dat daar in hierdie stadium iets m.b.t. die behoeftige kinders gedoen moes word, en na deeglike bespreking word die volgende voorstel aangeneem: „De Schoolkommissie worde verzocht de arme kinderen op te nemen tegen een naar het vermogen van deze verminderden prijs, terwyl de kerkraad instaat voor een mogelijk te kort van £3 per kwartaal te worden betaald uit de armen kas;" 1) d.w.s. die ouers betaal volgens vermoë en die kerkraad staan in vir 'n beperkte moontlike tekort.

Teen die bogenoemde bespreking van en besluit t.o.v. die posisie van die armskool, het die betrokke ouers ernstige eksepsie geneem. Op die volgende kerkraadsvergadering is daar 'n brief van hierdie ouers ter tafel waarin hulle o.a. vra om 'n deputasie na die kerkraad te stuur.2) Dit word toegestaan , en die deputate vra van die kerkraad beskerming vir hulle skool in die vorm van enige toesig, al sou dit wees onder die skoolkommissie van die C.N.O.-skool.3) Die ouers word verwys na 'n vorige besluit van die kerkraad waardeur hulle in staat gestel word om van die C.N.O.-skool gebruik te maak, terwyl die predikant saam met die ouderling en diaken van die dorp opdrag kry om die ouers te ontmoet.4)

Dit beëindig die onderhandelinge tussen die kerkraad en die Potgieter-armskool. Die 26 arm kinders is in die C.N.O.-skool opgeneem en die kerkraad het al meer en

/meer.....87

1) Kerkraadsnotule, Geref. Kerk Steynsburg, 3/3/06, art. 20.
2) Ibid, 13/4/06, art.7.
3) Ibid, art. 27.
4) Ibid.

meer verantwoordelikheid vir die behoeftige kinders se onderwys aanvaar. [1] So is die £3 per kwartaal uit die armkas vir behoeftige leerlinge volgens 'n vorige besluit van die kerkraad, by 'n latere geleentheid verhoog tot £5 per kwartaal.[2] Verder is dit baie duidelik dat namate die kerkraad meer daartoe in staat geraak het, die behoeftige leerling nooit vergeet is nie, maar daar is altyd ruimer bedrae aan hulle opvoeding toegesê. Die volgende besluit van die kerkraad sal hierdie bewering staaf: „Besloten ten behoewe van 't onderwijs van arme kinderen aan de school £25 uit de armenkas toe te staan." [3] Dit blyk dat die behoefte altyd groter geword het, want later dieselfde jaar is besluit om „kollekten by de deur af te zonderen voor 't onderwijs van behoeftige kinderen." [4]

Hierdie stryd, om te voorsien in die onderwys van die behoeftige kinders op dieselfde peil as die van kinders van gegoede ouers, was 'n vingerwysing na die noodsaaklikheid van staatsondersteunde skole

6. Die groei van die skool.

(a) Die primêre afdeling.

Die skool het in Julie 1905 met twee onderwysers en sestig leerlinge begin. Vanaf die begin van 1906 is 'n tweede assistente benodig, en hierdie vakature is teen die helfte van Februarie gevul. Op die skoolkommissievergadering van 12 April 1906 „maakt de thesourier opmerksaam dat miss S. Snyman de halft Februarie hare diensten aan de school begon." [5] In September 1906 het die eerste onderwyseres van die skool, mej. Coetzee, uit die diens getree

/en ......88

1) Notule van die skoolkommissie, C.N.O.-skool op Steynsburg, 20/6/07.
2) Kerkraadsnotule, Geref. Kerk Steynsburg, 5/4/07, art.17.
3) Ibid, 21/5/10, art. 10.
4) Ibid, 8/7/10, art. 14.
5) Notule van die skoolkommissie, C.N.O.-skool op Steynsburg, 12/4/06.

en haar plek is gevul deur mej. A. du Plessis van Petrusville.[1] Die getal leerlinge het dermate toegeneem dat 'n derde assistent in 1908 aangestel moes word. „Zo gebeurde het dat in Mei 1908 mnr. T. Kruger aangesteld werd." [2]

Die hoogste standerds waarmee die skool begin het se leerlinge was nou reeds sover gevorder dat daar vir hulle voorsiening vir sekondêre onderwys gemaak moes word. Daarom versoek die voorsitter die skoolkommissie op 2 Desember 1907 om voorsiening te maak om twee leerlinge voor te berei vir die matrikulasie-eksamen. Na aanleiding hiervan is besluit „voorsiening te maken meer hulp te verkrygen door aanstelling van een superieure onderwyseres." [3] As „superieure onderwyseres" is mej. Lomax vanaf Januarie 1908 aan die skool verbonde.[4]

Aan die einde van 1908 word 'n besondere mylpaal in die geskiedenis van die skool bereik toe die eerste twee kandidate die „School Hoger" eksamen aflê en twee „voor de matrikulatie werden opgeleid." [5] Laasgenoemde twee was mej. Naomi Hennings en die latere alombekende prof. Joon van Rooy. Hierdie vordering het verdere uitbreiding van die skool uiters noodsaaklik gemaak. By die primêre afdeling moes 'n hoër afdeling gevoeg word, want ewe noodsaaklik as vir die primêre onderwys was C.N.-onderrig lewensbelangrik vir die sekondêre onderwys.

(b) Die begin van die sekondêre afdeling.

Dis baie duidelik dat hierdie skool te Steynsburg maar net voorlopig bedoel was „voor lager onderwys in Christelike Nationale geest." [6] Die gemeente het baie beslis nie bloot 'n laerskool beoog nie, dog hulle het reeds vroeg aan

/sekondêre......89

1) Notule van die skoolkommissie, C.N.O.-skool op Steynsburg, 31/8/06. Mej. A. du Plessis het later mev. Dirk Coetzee geword en woon nou nog op Steynsburg. Sy het die skool as onderwyseres gedien tot Sept. 1911.
2) Geskiedenis van die skool in C.N.O.-Jaarboek, Mei 1915.
3) Notule, C.N.O.-skoolkommissie, 2/12/07.
4) Ibid.
5) Geskiedenis van die skool in C.N.O.-Jaarboek, Mei 1915.
6) Notule, C.N.O.-skoolkommissie, 20/1/05.

sekondêre onderwys gedink, veral met die oog op voorbereiding van studente vir die Teologiese Skool. Veral ook nadat die Teologiese Skool na Potchefstroom verplaas is, het die behoefte aan 'n inrigting vir Christelike sekondêre onderwys in Kaapland sterk na vore gekom. Vir die gemeente van Steynsburg, wat reeds bo vermoë belas was met die instandhouding van die Vrye Skool, was dit haas onmoontlik om nog 'n verdere las, nl. die stigting van 'n sekondêre afdeling, by die bestaande skool op hom alleen te neem. Daarom word daar vir hierdie verdere uitbreiding om hulp by die Gereformeerde kerkverband aangeklop. Die kerkraad van Steynsburg stuur dan ook 'n beskrywingspunt na die Algemene Vergadering van Gereformeerde Gemeentes in Kaapland in sitting te Steynsburg in Januarie 1905 wat as volg lui: „De Algem. Verg. overwege de wenschelijkheid van het tot stand brengen van een Gymnasium voor de Kaap Kolonie in verband met onze Theol. School." 1) Benewens hierdie beskrywingspunt voor genoemde Algemene Vergadering, bring Steynsburg hierdie saak ook in sy gemeentelike verslag te berde en wel deur na aanleiding van vraag 11 te vra „of de Algem. Vergadering niet mettertyd de alhier op te richten Christelijke Nationale School tot haar Gymnasium wil maken in verband met de Theol. School en of zij intusschen dezen kerkraad financiëel wil steunen." 2)

Hierdie versoek en die ooreenstemmende beskrywingspunt word gelyktydig ter tafel gelê. Uit ds. P.C. Snyman se pleidooi kan baie duidelik gesien word die doel wat met die gimnasium wat hy wou stig, beoog is. Hy wys daarop hoe noodsaaklik dit vir ons kerk in die Kaapkolonie was om 'n goeie skool, of wat nog meer is, 'n gimnasium, te hê. Dit moes in die eerste plek dien as voorbereidingskool van

/kandidate....90

1) Kerkraadsnotule, Geref. Kerk Steynsburg, 26/11/04 en ook in Het Kerkblad van 1/12/04.
2) Notule van die 42ste Algemene Vergadering van die Geref. Gemeentes in die Kaapkolonie, in sitting te Steynsburg, Januarie 1905, art. 33.

kandidate vir die Teologiese Skool. Maar nog meer. Aangesien die Teologiese Skool nou uit die Kaapkolonie verwyder word, en waar hierdie inrigting met sy literariese afdeling nog altyd 'n uitvlug vir die Gereformeerde student gebied het, sien Snyman die gevaar dat „vele jongelingen anders naar scholen van andere kerken zullen gaan." En hierin sien hy die gevaar dat begaafde jong manne sodoende vir die Gereformeerde Kerk verlore mag gaan. Hy beoog dus in Kaapland 'n inrigting vir sekondêre onderwys waar die Gereformeerde jeug van Kaapland, wat graag wou studeer, saamgetrek kon word, om te dien as 'n kanaal om hulle hul weg vir verdere studie na die Teologiese Skool te Potchefstroom te help vind. En Steynsburg, waar daar reeds 'n begin gemaak is, was vir hom die aangewese plek. Dit word besluit om 'n kommissie te benoem wat nog op dieselfde sitting van die Algemene Vergadering rapport oor die aangeleentheid moes uitbring.1)

Die kommissie rapporteer dan ook later by monde van prof. Cachet. In punt 1 van die verslag word die wenslikheid van so 'n Gereformeerde Gimnasium vir die Kaapkolonie bevestig, maar nie voordat die Algemene Vergadering tot 'n behoorlike verstandhouding met die Kuratore van die Teologiese Skool gekom het nie, „omdat het doel van het Gymnasium moet zijn de Theol. School te voeden en te steunen." 2) In punt 2 beveel die kommissie aan dat daar op die volgende Algemene Vergadering besluit sou word of die Gereformeerde Kerk in Kaapland die skool sal onderneem. In verband met finansiële steun aan Steynsburg vir die stigting van so 'n skool, beveel die kommissie in punt 3 aan dat „er eene vereeniging opgericht word voor Christelyk Nationaal Onderwys." Na aanleiding van die rapport neem die Algemene Vergadering die volgende besluit:

/Deze.......91

1) Notule van die 42ste Algemene Vergadering van die Geref. Gemeentes in die Kaapkolonie, in sittin te Steynsburg, Januarie 1905. art. 33.
2) Ibid, art. 44.

„Deze Algemene Vergadering verblydt zich over de onderneming van den Kerkraad en Gemeente van Steynsburg om een Gereformeerde Vrye School op te richten met het doel later zelf voor de toelatings examina voor onze Theol. School jongelingen op te leiden.
„De Alg. Verg. draagt aan al de Deputaten op, om deze zaak onder de aandacht van de verschillende Gemeenten te brengen, en dat er by de eersvolgende Algemene Vergadering door elken Kerkraad rapport zal moeten gedaan worden, wat de verschillende gemeenten besloten hebben over deze zaak, alsmede wat de gemeenten waarborgen kunnen; indien zij het aanbod van Steynsburg aannemen, om van de School een Gymnasium voor de Kaap Kolonie te maken." 1)

Dis duidelik dat Steynsburg by hierdie Algemene Vergadering geen bepaalde steun gekry het nie, maar dat die saak uitgestel is. Die afgevaardigdes moes na hul gemeentes gaan, die behoefte van die oprigting van 'n Gimnasium te Steynsburg voor hulle lê, en dan by die volgende Algemene Vergadering kom rapporteer.

Op die volgende Algemene Vergadering gehou te Venterstad in Januarie 1906, doen die afgevaardigdes verslag en dit blyk toe dat net 'n paar gemeentes aandag aan die saak gegee het. Een gemeente is gewillig om volgens 'n raming van die Algemene Vergadering by te dra, vier gemeentes is bereid om gesamentlik £16 per jaar by te dra, en „de andere gemeenten hebben niets of byna niets gedaan deels uit misverstand deels uit nalatigheid." 2) Die resultaat van die oproep om finansiële steun is dus vir Steynsburg nie baie bemoedigend nie. By hierdie geleentheid is weereens die oprigting van 'n Gimnasium te Steynsburg bespreek, en die noodsaaklikheid van so 'n inrigting word nogeens bevestig in 'n besluit wat lui: „De Algemene Vergadering acht zulk een Gymnasium dringend noodig voor de Kaap Kolonie."

/Weer........92

---

1) Notule van die 42ste Algemene vergadering van die Geref. Gemeentes in die Kaapkolonie, in sitting te Steynsburg, Januarie 1905, art. 44.
2) Ibid, gehou te Venterstad, Januarie 1906, art. 25.

Weer word 'n kommissie benoem om die saak te ondersoek en by die volgende vergadering te rapporteer. 1)

Op die Algemene Vergadering in 1907 te Elliot gehou het die onderneming meer vorm gekry. Steynsburg het toe meer geldelike steun gekry, en 'n kommissie is benoem om voort te gaan met die oprigting van die Gimnasium, „mits de som die daarvoor ten laste van deze Algemene Vergadering komt de £150 niet te boven gaat." Die kommissie sou die reg hê om aansoek te doen by die Kuratore of Sinode vir 'n bydrae uit die Teologiese Kas, indien dit nodig mag blyk.2)

Die kommissie, wat bestaan het uit die Gereformeerde predikante van die Kaapkolonie,3) het daarin geslaag om van die Sinode 'n toelaag van £150 vir die saak te kry, en 'n paar meer gemeentes in Kaapland het bydraes belowe.4) Die geldelike steun om 'n Gimnasium tot die Vrye School toe te voeg is dus verkry. Die Algemene vergadering van Kaapland en die Sinode het in die bres getree, en as die geskiedenis van die skool in 1915 in herinnering geroep word, lees ons o.a.: „Beide lichamen beloofden steun, gezamenlik ten bedrage van £300 p.a. waardoor de weg geopend werd om 'n gegradueerde onderwyzer te krygen voor de hogere klassen."5)

In Januarie 1909 begin die skool dus sy tweede stadium, nl. 'n laerskool met 'n sekondêre afdeling. Om die grootste gedeelte van die sekondêre werk waar te neem, tree die heer H.J.J. van der Walt, B.A. in Januarie 1909 tot die personeel van die skool toe.6) In hierdie stadium „was het getal kinderen gestegen tot zowat 120 leerlingen en 't getal onderwyzers tot vyf." 7)

/(c) Die......93

---

1) Notule van die Algemene Vergadering van die Geref. gemeentes in die Kaapkolonie, gehou te Venterstad, Januarie 1906, art. 30.
2) Ibid, gehou te Elliot, Februarie 1907, art. 27.
3) Ibid, art. 41.
4) Ibid, gehou te Philipstown, Februarie 1908, art. 21.
5) Geskiedenis van die skool in die C.N.O.- Jaarboek van Mei 1915.
6) H.J.J. van der Walt, skoonseun van prof. Cachet, het later inspekteur van skole in Kaapland geword.
7) Geskiedenis van die skool in die C.N.O.- Jaarboek van Mei 1915.

(c) Die opening van die skool Januarie 1909.[1]

Aan die begin van die eerste kwartaal van 1909 is die skool met groot luister in teenwoordigheid van 'n aantal hoogwaardigheidsbekleërs heropen. Hulle was: di. P.C. Snyman, D. Postma, S.P. Malherbe van die Ned. Geref. Kerk en voorsitter van die skoolraad van Steynsburg, mnr. A.S. du Plessis, L.W.V., ds. L. Lomax, voorsitter van die skoolraad toe die skool in 1905 gestig is en mnr. A.C.A. van Rooy, L.W.V.

Dis te begrype dat die begin wat op daardie dag met die Gereformeerde Gimnasium gemaak is, vir ds. Snyman en sy medestryders 'n dag van groot betekenis was. Dis 'n tweede en baie belangrike mylpaal in die geskiedenis van die skool. By hierdie geleentheid word ook verwelkom H.J.J. van der Walt as onderwyser vir die sekondêre klasse. In sy verwelkomingswoord maak ds. Snyman die bekentenis dat daar in die onderhouding van die skool nog nooit iets ontbreek het nie, want die Here het nog altyd voorsien. Vir hom was dit seker 'n vreugde om aan te kondig: „Nieuwe klasse word nou begin en als onderwyser, deur die ondersteuning van die Algem. Verg. en Synode gesalarieerd, is vandaag tegenwoordig mnr. v.d. Walt."

Ds. Postma beklemtoon weer die beginsel waarvoor die skool stry, nl. „Vrye skole met Goevernement subsidie," terwyl die heer A.C.A. van Rooy ouers aanmoedig om hulle kinders te laat leer.

(d) Bemoedigende getuienisse.[2]

Dat die Vrye Skool met agterdog deur persone van buite bejeen is, en dat daar vele was wat vir hom 'n kortstondige bestaan voorspel het, ly geen twyfel nie. Waar die skooltjie gedurende die eerste jare van sy bestaan seker baie hoon en smaad moes verduur, en as indringer beskou

/is........94

1) Hierdie besonderhede is verkry uit 'n nuusberig in Het Kerkblad van 1 April 1909.
2) Ibid.

is, was dit verrassend en bemoedigend om by geleentheid van die opening van die Gereformeerde Gimnasium in Januarie 1905, van etlike verantwoordelike persone, in die openbaar woorde van waardering te hoor.

Ds. Malherbe, destyds leraar van die Ned. Geref. Kerk, Steynsburg, en voorsitter van die skoolraad, sê dat hy teenwoordig is „omdat hy so 'n bietjie belang stel in onderwys sake; maar veral omdat hy die beginsel van vrye skole toegedaan is." Hy wens die outoriteite geluk met die „degelike inrigting" en die uitbreiding van die skool se werksaamhede. Hy bewonder die moed waarmee die moeilikhede te bowe gekom is. Die skool was geen oposisie vir die Publieke Skool nie, „maar gesonde kompetisie en hy verheug sig oor die goeie verstandhouding wat daar tussen die twee skole bestaan en hoop dat dit sal bly bestaan."

Mnr. A.S. du Plessis, L.W.V. is bevrees dat daar te veel oor die goeie beginsels geskryf word en te min dade gesien word. „Dit verheug hom daarom bisonder dat hier die daad op kragtige wyse by die woord geset word." Hy wys op manne soos prof. D. Postma en dr. A. Murray, „die min gepraat het en meer gewerk het vir hulle beginsels, en dus ook veel tot stand gebreng het." Hy wil graag sy deel bydra vir die skool „en beloof hartelike ondersteuning ver die beginsel van Vrye Skole in die Parlement."

Ds. Lomax bely dat hy destyds, as voorsitter van die skoolraad toe die Vrye Skool gestig is, na mnr. van Rooy gegaan „en hom gebid het om tog nie so iets te doen nie, want dat daardeur op Steynsburg twee klein, miskien albei armoedige skooltjies tot stand kom in plaas van een kragtige goeie skool." Hy erken dat hy destyds gekant was teen die stigting van kerkskole op kleiner plekke omdat daardeur „kleine nietsbeduidende skole sou tot stand kom." Hy erken nou dat hy verkeerd was, want dit word bewys „dat daar vandaag op Steynsburg twee bloeiende skole staan. Die een het die ander nie afgebreek maar opgebouw."

/Met........95

Met hierdie erkenning van sy reg van bestaan van verantwoordelike persone van buite, kon die skool die toekoms met vertroue ingaan. Die ondersteuners kon die saak met nuwe moed aanpak omdat daar ook andere was wat geglo het, en bereid was om te erken, dat hulle saak reg was.

(e) Skoolaangeleenthede 1909 - 1914.

Dit spreek vanself dat Van der Walt nie alleen verantwoordelik kon wees vir die werk in die sekondêre klasse nie, daarom besluit die Sub-kommissie van die Algemene Vergadering, wat as besturende liggaam van die Gimnasium opgetree het, om Bonsma te vra om hom daarmee behulpsaam te wees teen vergoeding van £25 p.j.[1)]

In Junie 1909 moes die skool met leedwese afskeid neem van sy eerste hoof, K. Bonsma, wat 'n betrekking op Heidelberg, Transvaal aanvaar het.[2)] H.J.J. van der Walt volg hom op as hoof, en die Sub-kommissie besluit om die £25 wat aan Bonsma gegee is vir hulp verleen met die sekondêre klasse, voortaan aan die kommissie van die C.N.O.-skool te gee om 'n onderwyser aan te stel wat met die sekondêre klasse behulpsaam kon wees.[3)] Voorts besluit die Sub-kommissie „de leraar van het Gymnasium te verzoeken by 't einde van elk jaar ons met 'n schriftelik rapport over de toestand van het Gymnasium te dienen." [4)]Hierdie kommissie het dan ook klokslag elke jaar 'n kort verslag oor die aangeleenthede van die skool ontvang.[5)]

Die getalle van die skool het gaandeweg gestyg. In 1909 was daar 120 leerlinge met 5 onderwysers, en in 1913 het die leerlingtal gestyg tot 170 met 'n personeel van agt.[6)]

/Treffend....96

1) Notule van die Sub-kommissie van die Alg. Verg. van die Kaapkolonie, 2/4/08, art. 2.
2) Daar het Bonsma onderwys gegee totdat hy afgetree het.
3) Notule van die Sub-kommissie van die Alg. Verg. van die Kaapkolonie, 31/1/10, art. 3.
4) Ibid, art.6.
5) Die Sub-kommissie, bestaande uit die predikante van die Gereformeerde Kerke van Steynsburg, Burgersdorp en Middelburg, het gewoonlik tydens die sitting van die Alg. Verg. van die Kaapkolonie vergader.
6) Die geskiedenis van die skool soos vertel in die C.N.O.-Jaarblad van Mei 1915.

Treffend is die toename in getalle van die sekondêre leerlinge. „De School werd altoos meer gunstig bekend, en begon aldus aan hare verwachtingen te beantwoorden. Van de meeste N.O.-distrikten waren er leerlingen op school." 1) In 1910 was daar 15 leerlinge in die sekondêre afdeling en in 1911 37. In 1910 was daar 7 matrikulante en in 1912 het 15 kandidate die matrikulasie-eksamen afgelê.2) Hiervan kan ons seker met reg die afleiding maak dat diegene wat hulle beywer het vir die stigting van die Gereformeerde Gimnasium in 1909 die behoefte vir 'n skool vir die Gereformeerde kinders van die Noordelike en Noord-Oostelike distrikte van Kaapland suiwer aangevoel het.

7. Die stigting van die Normaalskool.

(a) Inleiding.

Die C.N.O.-skool het vinnig gegroei en spoedig is die behoefte aan goed opgeleide onderwysers(esse), met besondere hoedanighede, wat in die gees van die skool opgelei is, gevoel. Ons kry enigsins 'n idee van die vereistes wat aan die leerkrag vir die C.N.O.-skool gestel is as ons let op die hoedanighede wat ds. P.C. Snyman graag in hom wou sien:

„Hy zal zijn

1. een goed mensch,
2. een wel onderlegden in wat hy gaat meedelen, en
3. een vakmensch, dit is: een, die de kunst geleerd heeft van hoe het te doen."3)

En dan waarsku Kamp dat ouers nie maar tevrede moet wees as die onderwyser „een man is uit Christelike familie, van Christelike belydenis, handel en wandel." 4) Dit is wel nodig, maar as die saak dieper beskou word, sal heel gou besef word „dat de hele opleiding en vorming van Christelike onderwyzers uit hetzelfde beginsel en in dezelfde

/geest.....97

1) Geskiedenis van die C.N.O.-skool op Steynsburg in die C.N.O.-Jaarblad van Mei 1915.
2) Gegewens verkry uit die notules van die Sub-kommissie van die Alg. Verg. 6/7/10, art.6; 3/3/11, art.6; 26/2/12, art.5
3) P.C. Snyman, in 'n artikel in Het Kerkblad, 1/5/07.
4) J. Kamp, De School Hoort aan de Ouders, p. 27.

geest geschieden moet, als waaruit die school leeft en bestaat." 1) Dit is wat die stigters en ondersteuners van die C.N.O.-skool op Steynsburg ook besef het. C.N.O. kon nie groei en in stand gehou word nie as daar nie 'n skool was waarin onderwysers daarvoor opgelei word nie. Hulle het besef dat die onderwyser vir die Christelike skool „de leerbeginselen, die de grondslag van de Christelike opvoeding zijn, eerst deugdelik moet gaan studeren en van je afwerpen al wat vierkant daartegen indruist." 2)

Ons het dit benadruk dat dogmatiese godsdiensonderwys 'n baie belangrike plek op die leerplan van die Christelike skool sou inneem. Dit moet nie die blote vertelling van Bybelse verhale wees nie, ook nie 'n prekery voor die klas nie, dog die onderwyser moet 'n grondige kennis van die Bybel hê, en die kennis „moet hen in sulk een mate en naar sulk een metode worden aangebracht, dat hen daardoor vanzelf de weg gewezen wordt om voor hun klassen het juist gebruik daarvan te maken." 3)

Die kampvegters vir C.N.O. het geglo dat sulke onderwysers nie in 'n skool onder staatsbeheer opgelei kon word nie, want die opleidingstoestande in die kweekskole was presies dieselfde as die in die staatskole vir laer onderwys. Die onderwysers wat hulle opleiding vir 'n groot mate deur medium van Engels ontvang het, was nie in staat om die moedertaalonderrig in die skole te behartig nie. Die slotsom waartoe gekom is, is dat, net soos in die geval van die laerskole, ook wat die opleiding van onderwysers betref, „de Regering ingestapt is op een terrein, waar ze niet hoort, waar ze met haar beginselloze eenvormigheid geen goed werk leveren kan, omdat op dit terrein aan uiteenlopende groepen

/en.......98

1) J. Kamp, De School Hoort aan de Ouders, p. 27.
2) Ibid.
3) Ibid, p. 28.

en beginselen recht moet worden gedaan." 1) Die staat moet dus bereid wees om ook die opleiding van onderwysers in die hande van die ouers te gee en natuurlik „zal dan op de ouders ook de verantwoording komen, om met vereende krachten zulke kweekscholen tot stand te brengen." 2)

So het die gemeente van Steynsburg ook gevoel toe begin is met die verdere uitbouing van die C.N.O.-aksie, nl. die stigting van 'n eie Normaalskool om Christelik-nasionale onderwysers op te lei.

(b) <u>'n Beskeie begin gemaak met die opleiding van leerkragte</u>.

Die kommissie, benoem op die Algemene Vergadering van die Gereformeerde gemeentes in die Kaapkolonie, gehou te Elliot in Februarie 1907, wat moes handel in die oprigting van 'n Gimnasium te Steynsburg, en wat bestaan het uit die predikante van die Kaapkolonie, met ds. J.G.H. van der Walt van Middelburg as „convener," 3) vergader vir die eerste keer te Steynsburg op 13 November 1907. In opdrag van die Algemene Sinodale Kerkvergadering gehou te Pretoria in Maart 1907, vergader saam met hulle ook predikante uit die Oranje-Vrystaat. In sy eerste vergadering se notule word vermeld dat die kommissie vergader „in verband met die C.N.O. School te Steynsburg 'n Gereformeerde Gymnasium tot Matrikulasie en 'n Normaal klas voor onderwyzers tot stand te brengen." 4) Hier is dus al sprake van die opleiding van onderwysers waarmee 'n aanvang gemaak sou word sodra die beoogde Gimnasium sou begin.

Toe daar aan die begin van 1909 begin is met die opleiding van leerlinge vir die matrikulasie-eksamen, kom die eerste drie kwekelingstudente ook op Steynsburg aan. Twee

/van.....99

1) J. Kamp, De School Hoort aan de Ouders, p. 29.
2) Ibid.
3) Notule van die Alg. Verg. van Geref. Gemeentes in die Kaapkolonie, Februarie 1907, art. 41.
4) Notule van die Sub-kommissie van die Alg. Verg. van Gereformeerde Gemeentes in die Kaapkolonie, 13/11/07.

van hulle is jonge dames, mejj. Christina S. en Magdalena J. Bingle, respektiewelik 17 en 15 jaar oud, dogters van die ywerige medestryder vir C.N.O. (nou wyle) J.P. Bingle van Sterkstroom.[1] Hul vader het hom besonder beywer, ook op meerdere vergaderings van die Gereformeerde Kerk, vir die Gimnasium en die opleiding van onderwysers te Steynsburg. Hy was 'n man nie net van die woord nie maar ook van die daad, en met die sending van sy twee dogters om die eerste te wees om daar as onderwyseresse opgelei te word, voeg hy die daad op kragdadige wyse by die woord.[2] Die twee dogters kom hulle bekwaam vir die P.T.11-sertifikaat. Saam met hulle begin ook 'n jong man T.P.N. Coetzee, om te werk vir die P.T.111-sertifikaat. Die skriba van die Sub-kommissie kry opdrag om vir die twee dames by die Departement van Onderwys aansoek te doen vir „de gewone toelage voor kwekelingonderwyzers aan onze inrichting uit te keren," terwyl student T.P.N. Coetzee deur die skoolkommissie „als tydelike assistent" gesalarieer is.[3]

Die opleiding van onderwysers te Steynsburg het dus 'n heel beskeie begin gehad. In 'n artikel in Het Kerkblad van 1 Januarie 1912 vermeld die hoof, H.J.J. van der Walt, dat hulle reeds drie jaar besig is met die opleiding van onderwysers, „en hebben reeds drie gecertificeerde Gereformeerde onderwyzers(essen) afgeleverd," terwyl daar in 1912 waarskynlik een sou klaarmaak.

(c) <u>Die behoefte aan 'n Normaalskool sterk gevoel</u>.

In die reeds vermelde artikel in Het Kerkblad wil die hoof van die Gimnasium die behoefte van 'n Normaalskool onder die aandag van die lesers bring. Hy noem die tweërlei gebrek wat die stigting van so 'n inrigting bemoeilik,

/nl.......100

1) Notule van die Sub-kommissie van die Alg. Verg. van Gereformeerde Gemeentes in die Kaapkolonie, 2/2/09, art. 2.
2) Inleidingsartikel van C.N.O.-Jaarblad, 1916: „Onse Opleiding Skool."
3) Notule van die Sub-kommissie van die Alg. Verg. van die Geref. Gemeentes in die Kaapkolonie, 2/2/09, art. 2.

nl. (a) „Wij moeten de leerlingen hebben en

(b) „nog meer finansiële steun." 1)

Vervolgens gee hy die vereistes vir toelating en sertifikate wat in die Kaapkolonie behaal kon word: „'n Leerling moet na st.V11 'n kursus van drie jaar doorlopen voor 't 3e klas certifikaat en aan 't einde van elke jaar moet hy eksamen doen voor hy kan overgaan in 't volgende jaar. 't 2e klas certifikaat is te behalen na studie van eén jaar op 'n Normaal School, indien men 't Intermediare eksamen gepasseerd is. Indien men slechts Matriek heeft, moet eerst 't 3e klas onderwyzers eksamen gedaan worden; dan mag men 't jaar daarop voor 't 2e klas eksamen schryven." 2)

En dan voeg Van der Walt daaraan toe dat hulle op Steynsburg die 3e klas sertifikaat onderwysers met gemak kan oplei maar sal 'n addisionele onderwyser moet by kry, en „om zover te mogen komen, vraagt ik vooral steun." Hoor hoe ernstig pleit hy: „Kan er niet 'n plan gemaakt worden om meer steun van de kerk te krygen opdat we toch ten minste een eigen Kweekschool hebben om onderwyzers in strikt Christelike en nationale geest te onderwyzen? Wij hopen wel dat de Regering binnen kort ons goed recht op zodanige School zal erkennen, maar durven toch niet daarop wachten."3) Vir so 'n Normaalskool, sê Van der Walt ten slotte, is Steynsburg, met sy sterk laerskool, die aangewese plek.

Op die C.N.O.-konferensie te Potchefstroom, 26 en 27 Julie 1912, word weer 'n beskrywingspunt i.v.m. die „grote behoefte aan degelik opgeleide Christelik Nationale onderwyzers" behandel. Die beskrywingspunt is ingelei deur H.J.J. van der Walt, en hy wys daarop „dat alle Normaalscho-

/len.......101

1) H.J.J. van der Walt in 'n artikel in Het Kerkblad, 1/1/12.
2) Ibid.
3) Ibid.

len in de Kaap Provincie op sektariese beginselen gefundeerd zijn." En dan laat hy volg: „Wij moeten zien een kerklike Normaal School te krygen; zeg bv. eerst te Steynsburg waar al een begin gemaakt wordt met opleiding." 1)

Gedurende 1912 is daar langdurige onderhandelinge met die Kaapse Onderwysdepartement en die Administrateur oor steun vir 'n Normaal in verband met die Gimnasium.2) Daar sou in 1912 'n nuwe ordonnansie gepasseer word wat voorsiening sou maak vir die oprigting van meer staatsnormaalskole om uitvoering te gee aan die taalordonnansie van 1912. Deur die medewerking van 'n getroue vriend, die heer A.C.A. van Rooy, L.U.K., en deur die welwillendheid van die Administrateur sir F. de Waal, kon dit geluk „om in die ordonnansie ook voorsiening te kry vir kerklike outoriteite." 3) Die subsidie wat aan Normaalskole toegeken is, sou dieselfde wees as die steun wat aan staatskole gegee word, „dus seer redelik." Die ordonnansie bepaal verder dat as sodanige skool 'n getal studente het wat die Departement bevredig, daar ook ondersteuning op die £ vir £ basis aan die oefenskool, waar die kwekelinge hul praktiese werk doen, gegee sal word. In die geval van Steynsburg sou die kollege 60 leerlinge moes hê om vir die laerskool subsidie te kry, net soos vir 'n gewone goewermentskool.4)

Die behoefte aan Gereformeerde leerkragte word al sterker, en al meer en meer word die oë op Steynsburg gevestig. Gedurende 1911 ontvang die hoof vyftien aansoeke vir onderwysers, selfs uit Transvaal en die Oranje-Vrystaat. Die aanvraag was dus daar, net die inrigting om sulke onderwysers op te lei, het ontbreek. As ds. J.A. van Rooy die groete van die kerk in die Oranje-Vrystaat aan die Algemene

/Vergadering...102

1) Notule van die C.N.O.-konferensie te Potchefstroom, 26 en 27 Julie 1912.
2) Inleidingsartikel, C.N.O.-Jaarblad, 1916, p. 5.
3) Ibid.
4) Ibid.

Vergadering van die Kaapkolonie tydens sy sitting van Maart 1912 oorbring, loof hy die C.N.O.-aksie te Steynsburg, maar „graag echter ziet zijn eerw. meer onderwyzers opgeleid aan het Gymnasium Steynsburg." 1) By dieselfde geleentheid moedig die Algemene Vergadering Steynsburg aan om „in 's Heeren naam onverskrokken voort te gaan en geeft aan de hand om krachtiger dan te voren op te treden." 2) En dan word as middel tot kragtiger optrede aanbeveel „by de H.Ed. Regering door middel van petities aan te dringen om ons goed recht op staatsubsidie voor de Vrye School." 3)

(d) Onderhandelings met die Kaapse Administrateur.

Op sy vergadering van 24 Mei 1912 te Molteno behandel die Sub-kommissie 'n skrywe van die C.N.O.-skoolkommissie en die kerkraad van Steynsburg. Die brief bevat allerlei gegewens en dit vra die kommissie om 'n deputasie na Kaapstad te stuur om „staatsubsidie aan de Vrye School te bepleiten en dus ook om 't erlangde subsidie, gelyk aan de Roomse en Engelse Kerkscholen gegeven, voor ons Gymnasium en lagere Scholen aan te vragen." 4) Aangeheg aan hierdie brief ontvang die Sub-kommissie ook 'n aanbeveling van die skoolraad van Steynsburg, gedateer 18 Mei 1912. Die skoolraad maak hierdie aanbeveling op aanvraag van die kommissie van die C.N.O.-skool. In die aanbeveling meld die raad dat hy geen beswaar het om aan die versoek te voldoen nie, en hy wil die C.N.O.-skool op Steynsburg graag vir staatsubsidie aanbeveel op die volgende gronde: 5)

(a) „omdat zover de Raad oordelen kan het niet gebleken is dat bovengemelde school bestaande Publieke Scholen heeft benadeeld, integendeel is het een feit dat onderwys in dit distrikt sedert de stichting van genoemde school veel is vooruit gegaan.

/(b)„omdat...103

1) Notule, Alg. Verg. van die Geref. Gemeentes in die Kaapkolonie, Maart 1912, art. 21.
2) Ibid, art. 60.
3) Ibid.
4) Notule van die Sub-kommissie, 24/5/12, art. 3.
5) Ibid, en ek was gelukkig om 'n duplikaat van die aanbeveling van die skoolraad van Steynsburg raak te loop.

(b) „omdat deze Raad verzekerd wordt, en er geen reden voor twyfel bestaat, dat in gemelde school alleszins voldaan wordt aan de eisen der wet, zowat betreft leerkursus als personeel.

(c) „omdat de ondersteuners van gemelde school veel doen tot bevordering van de opvoeding der jeugd, en sover deze Raad kan oordelen op degelike, gezonde grondslagen.

(d) „omdat de Raad naar hetgeen hy vernomen heeft stellige hoop koestert dat als gemeld school van staats wege ondersteuning zal erlangen, er veel kans bestaat voor samewerking tussen de twee."

Afgesien dat dit 'n goeie aanbeveling by die owerhede behoort te wees, is dit voorwaar 'n goeie getuigskrif van 'n openbare liggaam in Steynsburg vir die Gereformeerde Gimnasium. Dit word besluit om ds. D. Postma as lid van die Sub-kommissie saam met die deputate van Steynsburg, nl. ds. W. Postma en onderwyser H.J.J. van der Walt, na Kaapstad te stuur.[1] 'n Beter persoon as ds. D. Postma om as lid van die deputasie te dien, kon seker nie gekry word nie. 'n Sterk persoonlikheid, wat geen geheim van sy sienswyse gemaak het nie, nl. „Vrye Skole met Goevernement subsidie." [2] Treffend is sy woorde in sy openingsrede van die „C.N.O.-konferentie te Potchefstroom, Junie 1912." „Er worden millioenen ponden besteed voor 't onderwys, maar niets voor 't C.N.O. Het noodwendig gevolg hiervan is dat somigen uit ons volk zich afzonderen gelyk wij." [3] Dit kan verwag word dat C.N.O. in so 'n man 'n kragtige pleitbesorger by die Administrateur sou hê.

'n Weldeurdagte brief, gedateer 25 Mei 1912, opgestel deur die skoolkommissie van die Vrye Skool en die Subkommissie in beheer van die Gimnasium, is aan die Adminis-



1) Notule van die Sub-kommissie, 24/5/12. Ds. W. Postma was tydelik predikant van die Geref. Kerk Steynsburg tydens ds. Snyman se afwesigheid met studieverlof na Nederland.
2) Notule, C.N.O.-konferensie gehou te Potchefstroom, 26 en 27 Junie 1912.
3) Ibid.

trateur gerig.[1] In hierdie skrywe word 'n onderhoud met hom aangevra, die doel van die onderhoud word duidelik omskryf en die versoek wat tot die owerheid van die provinsie gerig word, word tot in die fynste besonderhede gemotiveer. H.J.J. van der Walt vra die heer H. Burton om die afvaardiging „by 't Uitvoerende Komitee te introduseren en te assisteren." 2) Die deputasie het die Administrateur op 2 Junie 1912 ontmoet. Hulle is simpatiek ontvang, maar behalwe vir beloftes, kon hulle met niks konkreets huiswaarts keer nie.

Die skoolkommissie van die C.N.O.-skool en die Sub-kommissie van die Algemene Vergadering vir die Gimnasium benoem, hou op 27 September 1912 'n gesamentlike vergadering i.v.m. die stigting van die Normaal. Op hierdie vergadering blyk dit dat om subsidie te verkry, 'n reorganisasie van die skool noodsaaklik sou wees.[3] Met hierdie reorganisasie van die skool begin die kerkraad vroeg in 1913 toe besluit is „de gemeente bekend te stellen dat de reorganisasie der school behandeld sal word" by geleentheid van die volgende kerkraads- en gemeentevergadering in Junie van dieselfde jaar.[4] Die reorganisasie van die skool waarvan hier sprake is, was beslis die toevoeging van die Normaal vir die opleiding van onderwysers, want op dieselfde vergadering besluit die kerkraad om die kollekte vir behoeftige studente waarvan die Sinode die gemeente voortaan vrygestel het „ter opleiding van onderwysers te besteden ...af te zonderen voor de alhier voor gemeld doel." 5) Die gemeente kon so 'n kollekte m.a.w. in die toekoms gebruik vir die opleiding van onderwysers plaaslik.

Die gemeente was egter baie versigtig met die

/stigting...105

---

1) Kyk Bylaag B. 'n Afskrif is ook deur die skoolkommissie aan die heer A.C.A. van Rooy gestuur.
2) Brief van H.J.J. van der Walt aan H. Burton, 13/6/12.
3) J.C. van Rooy, Die Geref. Kerk van Steynsburg en C.N.O., in die Gedenkboek van die Geref. Gemeente Steynsburg, p.134.
4) Kerkraadsnotule, Geref. Kerk Steynsburg, 11/4/13, art.20.
5) Ibid, art. 25.

stigting van 'n Normaal omdat besef is dat dit geweldige geldelike verpligtinge sou meebring, daarom het die kerkraad, toe die saak behandel is, besluit om by die gemeente aan te beveel dat die skool nog maar op dieselfde wyse sou voortbestaan, „tot tyd en wijle wij subsidie verkregen of niet hetwelke binne korten tyd bekend zal zijn." 1) Op 'n gemeentevergadering is besluit „de aanbeveling des kerkraads goed te keuren." 2)

Die breër kerkverband in Kaapland het nog steeds belangstelling in die stigting van die Normaal op Steynsburg behou. Op die Algemene Vergadering gehou te Colesberg in Januarie 1913, is daar weer 'n verslag van die Gereformeerde Gimnasium ter tafel en dan word aan hierdie meerdere vergadering gerapporteer „dat de commissie in onderhandeling is met 't Uitvoerende Komitee van de Provinsiale Raad om subsidie te verkrygen voor onze Normaal School. Steun is voorlopig toegezegd op de basis waarop de Normaal School van de Ned. Kerk te Kaapstad die krijgt. Zoodra die bekragtigd is door de Prov. Raad in April is de Administrateur bereid om schikkings te treffe aangaande de bezonderheden." 3) In die verslag wil die kommissie die Algemene Vergadering gerusstel dat die aanvaarding van subsidie nie die inboet van beginsels sou beteken nie, daarom die waarborg: „Wij kunnen de Alg. Verg. verzekeren dat ingeval wij de subsidie krygen, wij nog vry zullen blyven in 't handhaving van ons beginsel." 4) Na aanleiding hiervan gee die Algemene Vergadering aan die Sub-kommissie van die Gimnasium volmag om 'n ooreenkoms met die Administrateur te tref. 5)

Op 10 Mei 1913 hou die skoolkommissie van die

/C.N.O......106

1) Kerkraadsnotule, Geref. Kerk Steynsburg, 7/6/13, art. 7.
2) Ibid, art. 14.
3) Notule van die Algemene Vergadering van Geref. Gemeentes in die Kaapkolonie, Januarie 1913, art. 16.
4) Ibid.
5) Ibid.

C.N.O.-skool en die Sub-kommissie van die Algemene Vergadering 'n gekombineerde vergadering om weereens die stigting van die Normaal te bespreek. Daar is besluit om weer 'n afvaardiging bestaande uit ds. D. Postma en hoofonderwyser H.J.J. van der Walt na Kaapstad te stuur.[1)]

(e) Die ideaal van 'n Normaalskool verwesenlik.

Bogenoemde deputasie doen verslag op 'n volgende gekombineerde vergadering. Die nuus is gunstig. Onder heel aanneemlike voorwaardes is subsidie toegesê en kon die langgekoesterde ideaal van 'n Normaalskool in aanvulling van die Gereformeerde Gimnasium 'n werklikheid word.[2)] Dadelik is aansoeke gevra vir 'n onderwyser in Opvoedkunde en vir 'n onderwyser spesiaal vir Houtwerk en Tekene. Hulle moes met hul werksaamhede begin in Januarie 1914.[3)]

Daar heers groot blydskap en in „Het Kerkblad" van 1 Aug. 1913 verskyn 'n „opwekkend schryven door de voorz. en sekr." van die kommissie van die Gereformeerde Gimnasium, om die oprigting van die Normaal vanaf die begin van 1914 onder die aandag van die breër kerkverband te bring. Hulle wys op die noodsaaklikheid van die Normaalskool en vervolg dan:

> „Het geeft ons nu groot genoegen tans bekend te maken, dat onze hoop om zodanige school te hebben staat verwezenlikt te worden. Wij zullen D.V. volgende jaar, mede door de hulp van de Administrateur van de Kaap Provinsie, de klassen die er aan de Gereformeerd Gymnasium te Steynsburg reeds begonnen zijn, uitbreiden voor de opleiding van onderwyzers en onderwyzeressen voor het 2e en 3e klas certifikaat."

Dit word ook aangekondig dat die regering beurse vir studente van £12 - £20 p.j. beskikbaar stel. Ten slotte word 'n dringende beroep om studente gedoen.[4)]

/Ongelukkig...107

---

1) Notule van die gekombineerde vergadering gehou 10/5/13, art. 2.
2) J.C. van Rooy, Die Geref. Kerk van Steynsburg en C.N.O., in die Gedenkboek van die Geref. Gemeente Steynsburg, p. 134.
3) Ibid.
4) 'n Artikel in Het Kerkblad van 1/8/13 onder die opskrif „Een Normaal School te Steynsburg," onderteken deur H.J.J. van der Walt en D. Postma.

Ongelukkig het daar nog weer teleurstelling gewag. Volgens die notule van die gekombineerde vergadering van die Sub-kommissie en die skoolkommissie van die C.N.O.-skool gehou op 16 September 1913, blyk dit dat die Administrateur (Muir) nie by die oorspronklike ooreenkoms gebly het nie.[1] Hy het 'n verdere voorwaarde aan die ooreenkoms gevoeg, nl. dat as daar nie 30 kwekelinge is nie, die kommissie self die salaris van die tweede onderwyser moes vind. Dit dwing die Sub-kommissie om te besluit dat as daar aan die begin van 1914 nie 30 kwekelinge sou wees nie, om die matrikulasie-klasse af te skaf en Van der Walt sodoende vry te stel as onderwyser in Opvoedkunde. En dan word J.H. Aucamp benoem „voor Houtbewerking en tekenen en verder lager werk." [2]

Die Sub-kommissie rapporteer volledig aan die Agemene Vergadering van die Kaapkolonie in sitting te Molteno in Maart 1914. Oor die onderhandelinge met die Administrateur oor subsidie vir die Normaal lui die verslag as volg: „Krachtens Sectie 7 van Ordonnantie van 28 Julie 1913, is ons nu subsidie toegestaan voor eén onderwyzer. 'n Minimum getal leerlingen van 30 in de kwekelingen onderwyzers klassen worden vereist indien wij subsidie voor 'n tweede onderwyzer zullen krygen; en als wij 50 leerlingen hebben, dan zal de gehele Inrichting gesubsidieerd worden."[3]

Ten spyte van die skynbare mislukking van alle onderhandelinge met die Administrateur tot sover, is nogtans oorgegaan tot die stigting van die Normaalskool in Januarie 1914. Die feit dat volle subsidie nie verkry kon word nie, kon die kampvegters op Steynsburg nie van stryk bring nie. 'n Groot ideaal kon verwesenlik word, nl. 'n eie Normaal-

/skool.....108

1) Notule van die gekombineerde vergadering gehou 16/9/13.
2) J.C. van Rooy, Die Geref. Kerk van Steynsburg en C.N.O., in die Gedenkboek van die Geref. Gemeente Steynsburg, p. 134.
3) Notule van die Algemene Vergadering van die Kaapkolonie, in sitting te Molteno, Maart 1914, Bylaag D.

skool waar Gereformeerde onderwysers, waaraan daar so 'n dringende behoefte was, opgelei kon word.

Met die oprigting van die Normaal aan die begin van 1914 gaan die skool sy derde stadium in, nl. 'n kombinasie van 'n laerskool, 'n hoërskool en 'n Normaal.

(f) Voorsiening gemaak vir grond.

Toe daar begin dink is aan die stigting van die Normaal op Steynsburg, is dadelik besef dat so 'n inrigting ruim terrein vir geboue ens. nodig sou hê. Vroeg in 1912 het die skoolkommissie uit sy geledere 'n sub-kommissie benoem om „aansoek te doen by de Munisipaliteit om grond voor uitbreiding voor de school." [1)]

Hierdie sub-kommissie kon spoedig rapporteer dat hul versoek om grond toegestaan is, hangende die beslissing van die Administrateur.[2)] Die bekragtiging van die Administrateur vir die oordrag van die grond is mettertyd ontvang, en die skoolkommissie was verheug om 'n gerieflike stuk grond, ses morge groot, op sulke billike voorwaardes te ontvang. [3)] Eers baie jare later kon die ideaal, van 'n gebou vir die Normaal op hierdie grond, verwesenlik word.

.......oooOooo.......

1) Notule van die skoolkommissie van die C.N.O.-skool op Steynsburg, 18/5/12, art. 2.
2) Ibid, 22/7/12, art.8.
3) Notule van die gekombineerde vergadering gehou 14/3/13, art. 2.